Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 18 1ste Kwartaal 2017

'n NUWE JAAR Lê VOOR

Iemand roep na my van Seïr af: "Wag, wanneer is die nag verby? Wag, wanneer is die nag verby?" Die wag antwoord: "Die môre het gekom, maar dit is nog nag. As julle weer wil kom vra, kom vra gerus, julle kan elke keer weer kom vra." - Jesaja 21:11-12 (83-vertaling).

Ons staan weer aan die begin van nog 'n nuwe jaar, soos só vele van te vore. En soos elke jaar vra ons maar weer wat die toekoms vir ons in hierdie jaar gaan inhou. Dit is 'n retoriese vraag, en die antwoord ken ons. "*Kom vra maar weer*". Want ál wat ons vir onsself kan vra ***en vir ander mense kan toewens***, is die Here se genade en seën op wat ons ***en hulle*** doen. As ons dit só hanteer, kyk ons verby ons eie kleinlike ego'tjies en vestig ons ons aandag dáár waar dit behoort te wees: op die Bron van ons bestaan. Hy wat alreeds daar is waarheen Sy weg ons ook al mag lei. En al het Jacqueline van der Waals dit in 'n ander konteks geskryf, kan ek ook haar woorde hier aanhaal:

Wat die toekoms ook mag inhou,
Hy gelei my aan Sy hand.
Moedig slaan ek dus my oë
na die onbekende land.
Leer my U volg sonder vrae.
Vader wat U doen is goed.
Leer my net die hede drae
met 'n rustig kalme moed. *(Uit: Wat die toekoms ook mag inhou)*

Kom ons begin die jaar weer met 'n enkele gedagtes uit vorige boodskappe:

Ons kan nie in die toekoms sien nie, hoe hard ons ook al wil probeer. God het die toekoms al van die vroegste tye af vasgelê, maar dit vir ons verberg. Hy en Hy alleen weet wat in die toekoms gaan gebeur. Om ons dus oor die

toekoms te bekommer sal ons niks baat nie. Maar as ons ons na Hom toe wend, soos Hiskia gedoen het (2 Kon 19:15), kan ons op Hom staatmaak om vir ons te sorg en oor ons die wag te hou, ongeag wat mag voorlê, want Hy bly getrou.

En wanneer ons ons na Hom toe wend, het ons genoeg rede om ***eers vir Hom dankie te sê***. Het Hy nie immers deur Christus Jesus ons met Hom versoen en ons onder die nuwe verbond tot sy volk verkies nie? "*Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees*" (Open 21:3). En het Hy nie juis deur die soendood van Christus ons **TOEKOMS** vir ons bewerk nie? Juis daarom sê die Here Jesus: "*jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra*" (Matt 6:8). Daarom moet ons, wanneer die tye moeilik raak en ons ons tot God wend vir vertroosting, Hom eers dank vir alles wat ons ontvang het en ook nog sal ontvang. (*Uit: Bekommerd oor die toekoms?*)

Hierin lê daar vir ons groot troos en vrede. Wie in Hom glo, hoef nie bevrees te wees vir die toekoms nie. Wat ook al gebeur, Hy, Jesus Christus, ons Heiland láát dit gebeur. Hy het God se Raadsplan in sy hand. Ons sien en beleef hoe Hy die een seël na die ander oopmaak. Hy weet waarheen Hy op pad is, ook met jou en my. (*Uit: Die toekoms is reeds geskiedenis*)

Die Here se seën word vir elke leser toegebid vir die jaar wat voorlê.

Bron: DiéWeg- *http://www.dieweg.co.za*

MATRIEKKLAS VAN 2016

Daar was verlede jaar 'n groot groep van ons gemeente-kinders in matriek en ons wil hulle van harte gelukwens met die uitslae en die afsluiting van hul skoolloopbane. Party is weg vir verdere studies, party het begin werk en ander vat 'n jaar af voordat hulle weer die studies aanpak.

Baie geluk ook aan die ouers en ons is seker die afgelope 12 jaar se swoeg, sweet, soebat en ondersteuning was die moeite werd.

Ons wens elkeen van die volgende kinders sterkte en voorspoed toe met hierdie nuwe lewensfase:

Anè Aucamp
Johan Bruwer
Nadia Deetlefs
Paul Grimbeek
Amorè Kok
Aliche Prinsloo
Bonita Roscher
Franco Sadie
André van Niekerk

NUWE INTREKKERS

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate in ons gemeente. Van hulle is dalk al ‘n rukkie hier terwyl ander pas ingetrek het. Baie welkom aan elkeen van julle en ons vertrou dat jul verblyf in ons gemeente geseënd sal wees en dat julle goed sal inskakel. Die beste manier om dit te doen is om betrokke te raak. Vra gerus vir Annelie of Dries by die kerkkantoor waar jul kan inskakel.

Naam	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontak-nommer
Johan en Marietha Aspeling	Fochville-Noord	Vosstraat 12	Grewar	0837849703/ 0837804569
Koos en Toekie Hoffman	Garsfontein - Pretoria	Waldfrieden 3 Rotariestraat 7	Grewar	0828592213/ 0729475292
Charles en Maria Janse van Rensburg	Bryanston	Villa Sodette 1 Cilliersstraat 15	Grewar	0823003707/ 0768331086
Phillip Kruger	Metodiste kerk, Jeffreysbaai	Mirtehof 1 Van der Banklaan	Noorder	0835880197
Johan en Melani Landman	Parys-Suid	Schilbachstraat 26	Gradwell	0733707457/ 0726795476
Chris en Leonie Marinaki	De Aar – Noord	Caroblaan 20	Eike	0836009031/ 0836041123
Douglas Morrison	Moedergemeente – Kuruman	Vaal le Meer 3 Mockestraat 1	Noorder	
Johan en Ria Oosthuizen	Potchefstroom – Oos	Amot Tehuis	Amot	
Theuns Oosthuizen	Grimbeekpark – Potchefstroom	Vaal le Meer 3 Mockestraat 1	Noorder	
Arnold Schoonwinkel	Parys-Oos	Kelkiewyn 2 Jan Fiskaalstraat 8	Dwars	0716020631
David en Iona Sussens		Grensstraat 23	Hickman	
David en Mercia Van der Merwe	Kemptonpark	Yentyl 2 Allenbystraat	Bredell	0725346343/ 0766887606

KERSKOSPROJEK 2016

‘n Groot dankie aan ‘n ieder en ‘n elk wat ‘n bydrae gemaak het tot die Gemeente se tweede Kerskosprojek in 2016. Met jul bydraes was dit weereens vir die diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid moontlik om vir 24 gesinne in die Parys-Wes- en Schonkenville-gemeentes ‘n spesiale kospakkie te gee vir die Kerstyd.

‘n Nuutjie in verlede jaar se projek was dat ‘n aantal kersgeskenke vervang

is met bydraes vir kospakkies. Dit het gehelp om die gemeente se mooi bydraes tot oor die R9 000.00 kerf te druk. Dit het die Diensgroepe in staat gestel om die waarde van die kospakkies tot R300.00 te verhoog – ‘n bonus in die tyd van hoë kospryse. Die balans van die fondse sal weer gebruik word om blikkieskos aan te koop om die maandelikse kospakkies aan te vul.

Soos wat die gewoonte is met die maandelikse uitdeel van die kospakkies, het ds Barry eers ‘n boodskap gebring voordat die pakkies uitgedeel is.

KERSKAARTJIE-PROJEK 2016

‘n Aantal dames uit die gemeente was verlede jaar betrokke by Lotsha Ministries se kerskaartjie-projek. Pam Fletscher van Lotsha het die volgende e-pos vir die Posduif gestuur want *“Suna Meyer and her team of people from NG Wes, Parys helped us at a moment's notice with the Christmas Cards in October this past year and we would like to thank them for their assistance.”*

“LOTSHA Newsletter to those who assisted with our "CHRISTMAS CARD PROJECT 2016"

Dear Friends,

We wish you God's richest blessing as you take a giant leap of faith into 2017. We are delighted to announce that the Lotsha office distributed 15 400 Christmas Cards to Correctional Centres, Youth Development Centres and Places of Safety around the country. In the packs sent to Female and Juvenile Centres we included approximately 1750 Little Bibles in various languages.

Lotsha tested the waters of Social Networking by posting a picture of Sr Mary Aquinas who continues to make recycled individually created Christmas Cards for the younger Juveniles in Youth Development Centres. She stands as an inspiration to all of us for her dedication to her life missionary work.

The 'LiG' Magazine (November 2016 Page 66-68) featured an article "Veel meer as 'n Kerskaartjie ...". Another unsung hero, Dalene Jooste from Bible-Media, caught the Christmas card vision and fanned the flame in Wellington - a Prison Ministry community project bringing Christians together to creatively spread the gift of joy, build friendships and minister God's light into the darkness of despair.

We stand amazed at the artistic workmanship which has developed in so many of you through the making of the cards. You continue to bring glory to God as you pray over the cards as you make them and as they touch and reach into the lives of people you may never meet.

We give thanks for the envelopes which you are donating into the

project which completes the Christmas Card's purpose enabling this project to do its part in encouraging the successful rehabilitation, reintegration and restoration of families and forgiveness for the pain of the past.

Most of all, we hope you have enjoyed discovering your creative talents, your time spent with friends, the satisfaction of doing something worthwhile, and the knowledge that you do it for The Lord.

We are also grateful that the South African Postal Service has also found its feet again and is back on track.

If you are in an area or a province where you manage the Christmas Card Project yourselves and did your own delivery to the prisons near you, please share your story with us as we encourage one another. We encourage the project to go into schools where it can be effective in the prevention of crime among our vulnerable youth and inspire artistic talent as well as into homes for the aged and Epilepsy as effective therapeutic and art tools to encourage them.

As always, if you wish to add anyone to this mailing list, or wish to be removed from this mailing, please feel free to contact us - for any reason, and share your good news and pictures with us - we all need encouragement.

Greetings and Blessings to each one of you as you serve The Lord in 2017."

Pam Fletcher
LOTSHA MINISTRIES TRUST
E-mail : pamela@lotsha.org.za
Cell : 083 986 2079
Nat : 086-156-8742
www.lotsha.org.za

facebook.com/lotshaministries
Twitter: #LotshaM

BESOEK AAN MPONENG PRIMêRE SKOOL

Parys-Wes se uitreik na Mponeng Primêre Skool in die Dome, het verlede jaar op 1 Desember 2016 plaasgevind toe die Diensgroep Getuienis die skool besoek het. Hierdie besoeke vind jaarliks kort voordat die skole sluit, plaas en by die geleentheid is daar gewoonlik iemand wat die Boodskap bring, daar word lekker saam gesing en dan word die magies gevul met 'n worsbroodjies, vrugte, ens. In 2016 is die Jesus film vir die kinders gewys. Daar is ook weer 'n Bybel aan die kind wat gedurende die jaar die beste presteer het oorhandig.

Die huwelik is 'n boek waarvan die eerste hoofstuk in liriese poësie geskryf is en die res in nugter prosa. *Beverley Nichols*

ONS SENIOR BURGERS - 80 jaar en ouer

Van harte geluk! "Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp, Here." Ps 85:8

JANUARIE

04 – Tiens Buitendag (82): Kon nie self met hom praat nie maar die ouderling sê dit gaan nog goed, hy speel nog gholf!!

07 – Una Erasmus (83): Dit gaan goed – het nie klagtes nie. Dankbaar!

09 – Tineke Botha (81): Het gesondheidsprobleme maar leef daarmee saam. Dankbaar dat daar nog baie is wat sy kan doen!

21 – Susan Engelbrecht (80): Sy sê dis 'n belewenis dat sy 80 gehaal het. Het dit heerlik saam met kinders en vriende gevier!

30 – Ina Du Toit (83): Dit gaan baie goed, sy geniet baie goeie gesondheid.

FEBRUARIE

02 – Karel Hammond (80): Bietjie siekerig, loop moeilik maar gaan nog aan.

05 – Marie Lombard (81): Dit gaan baie goed!

17 – Coenie Pullen (85): Dit gaan goed, klein klagtes, niks ernstig nie.

19 – Hettie Wessels (84): Bene is swak, loop moeilik, maar verder gaan dit goed.

24 – Joan James (80): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie.

29 - Hannah Visser (81): Gesondheid goed. Het verlede jaar geval en arm gerbreek, nog pynlik.

MAART

06 – Kobus Cronje (83): Gaan goed, gesondheid redelik, nie ernstige klagtes nie.

07 – Kitty Lotriet (92): Dit gaan goed – sig nie goed nie. Bly nog in haar meenthuis.

08 – Coenraad De Jager (92): Gaan baie goed. Gesondheid baie goed. Draf nog gereeld.

14 – Hannie van Eeden (80): Het 'n tweede heupvervanging gehad en nog pynlik, loop bietjie moeilik. Verder dankbaar dat dit goed gaan.

27 – Babsie Stone (80): Gaan goed, het 'n knievervanging gehad maar is weer op die been.

30 – Willie Burger (80): Gaan baie goed, geniet nog goeie gesondheid en werk self op die plaas.

SENDINGWERK : NET MAANSKYN EN ROSE?

Japie Hugo wat sendingwerk in Rusland doen, het dié stukkie raakgeloop wat deur 'n ander sendeling geskryf is. Japie nooi ons uit om die stukkie te lees om te sien wat soms deur die gedagtes van ons vriende in die verre vreemde gaan. Daar is baie goeie tye, maar ook tye van wroeg en wonder. Hier is die skakel:

http://www.alifeoverseas.com/dear-supporter-theres-so-much-

ONS WEEK VAN GEBED : DIE RYK MAN EN LASARUS - 19 tot 24 en 26 Januarie 2017

Lukas 16:19 – 31 *Tema: Die groot kloof*

Jesus vertel die gelykenis van die ryk man en Lasarus en ds Barry van Wyk verduidelik dit aan ons. Gaan lees dit eers self voordat u hier verder lees.

Terwyl die ryk man weelderig geleef het, het ‘n honger man vol swere voor sy deur gelê. Die ryk man moes elke dag oor hom tree om in sy pragtige huis in te gaan om feestelik te gaan eet. Wat was sy verbasing groot toe hy doodgaan en afdaal in die doderyk, maar Lasarus word deur die engele gehaal en langs vader Abraham geplaas. Die ryk man het swaar gekry in die doderyk, maar Abraham het hom daarop gewys dat daar ‘n onoorbrugbare kloof tussen hom en Lasarus was. Die ryk man het met sy optrede op aarde reeds hierdie diep kloof gevorm en dit het weerklank in die dood gevind.

Wat is die kloof wat ek besig is om hier op aarde te grawe? Miskien ontbreek die barmhartigheid wat die ryk man teenoor die arme man wat op sy drumpel geplaas is moes betoon het, ook by my? Miskien is my onvergewensgesindheid teenoor iemand anders die kloof wat ek hier op aarde besig is om te grawe. Miskien praat ek kwaad van iemand. Miskien doen ek nie my deel vir die Here in my kerk nie. Pasop vir die diep kloof!!

Krimpie

KERSLIEDERE OP DIE KERKTERREIN – 22 Desember 2016

Die gemeente het die inwoners van Parys genooi om kort voor Kersfees saam kersliedere by Parys-Wes te kom sing. Dit was ‘n lekker geleentheid maar al het dit op 22 Desember gereën. Niemand het daaroor gekla nie en die geleentheid is net saal toe geskuif. Gemeentelede en heelparty besoekers het ongeag die reën steeds gekom en nadat die piekniekmandjies besoek is, is daar lekker saam gesing. Hermien se program het aanvanklik lank gelyk maar toe ons eers sing was dit amper te gou verby.

Baie dankie aan Dries vir die

reëlings en vir Hermien wat gesorg het vir die begeleiding. Dit was ‘n lekker geleentheid wat groot en klein baie geniet het en dit moet beslis weer gedoen word. Dit is nie aldag wat lidmate uit die baie kerke in Parys die geleentheid kry om iets saam te doen nie.

OOM HENK - BAIE DANKIE!

As gemeente wil ons vir oom Henk Mulder baie dankie sê vir wat hy die afgelope paar jaar vanaf Februarie 2013 tot 31 Januarie 2017 vir hierdie gemeente gedoen en beteken het. Sy finansiële kundigheid en ervaring was van groot waarde vir die gemeente.

Ons dink aan die ondersteuning wat hy aan ds Barry, Annelie, Dries en die gemeente gegee het. Ons dink aan die skep en vestiging van die pos van Gemeentebestuurder. Ons dink ook aan bydraes wat hy met sy kennis en ondervinding by al die vergaderings waar hy betrokke was, gemaak het. Hy het gesorg dat die funksionaliteit en werksaamhede van die kassierspos en die gemeente se finansies op standaard kom. Die waardigheid en integriteit wat hy uitgestraal het, was vir ons almal iets om na te volg.

Weereens baie dankie! Ons wil vir jou en tannie Ina baie sterkte toewens. Julle is in ons gebede.

NG Kerk Parys-Wes

WAT GEBEUR HIERDIE JAAR?

Buiten die gewone aktiwiteite van die gemeente wat aangedui is op die 2017 se kerkkalender, het Dries de Jager (Gemeentebestuurder) die volgende uitgelig:

Aksieplanne

Soos gewoonlik is die meeste van die gemeente se werksaamhede opgeneem in NG Parys-Wes se kalender. Daar is dalk ‘n inskrywing in die kalender wat nie baie duidelik is nie. Ek verwys hier spesifiek na die aksieplan-sessies vir Diens en Taakgroep-voorsitters / verteenwoordigers.

Gedurende 2013 het die kerkraad onder leiding van Piet du Preez (Voorsitter : Taakgroep Diensverhoudinge) ‘n « SWOT » -analise gedoen om vas te stel wat die sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings vir ons gemeente is. Uit die ontleding is die volgende gebore: **visie, missie, credo, nuwe logo en waardes**.

Daar is ook ‘n meer vaartbelynde struktuur en verantwoordelikhede vir

die kerkraad geskep. Die nuwe struktuur is geskep om ‘n kleiner, meer effektiewe kerkraad met finale besluitnemingsgesag te vestig (Sentrale Kerkraad).

Die Wykskerkraad (Ou Groter Kerkraad) se fokus sal op gemeentebediening wees terwyl die Dagbestuur operasionele- en krisis-besluite sal hanteer. Die Diens- en Taakgroep-voorsitters / verteenwoordigers, leierdiaken en leierouderling sal die die aksieplan-sessies op 6 Maart 2017 onder leiding van Piet du Preez hervat. Die doel van die sessies is om ‘n kritiese evaluering te doen van waar ons nou staan as gemeente. Wat is/was susksesvol, wat was nie, en wat is ons uitdagings (bedreigings) en wat is ons geleenthede.

Gemeentelede wat graag insette in dié verband, of oor enige ander saak, wil lewer word uitgenooi om dit skriftelik by die kantoor in te handig. Indien nodig, kan insette ook anoniem gedoen word. Indien daar egter ‘n naam by is, kan ons later direk terugvoering gee. U kan dit by die kerkkantoor inhandig of in ‘n koevert in die kollektesakkie gooi. Merk dit net duidelik ‘Áksieplanne’ asseblief. Indien u enige verdere inligting benodig is u welkom om Dries de Jager by die kerkkantoor te skakel.

Herfs Ekspo

Nuut op die kalender ! Die Herfs Ekspo vind op 24 en 25 Maart 2017 plaas. Daar word beoog om 14 stalletjies (± 3 x 3 vk meter) teen R250 per stalletjie binne in die saal en 18 stalletjies (± 8 x 7 vk meter) teen R1000.00 per stalletjie buite op die terrein, te verhuur. Natuurlik sal daar ‘n teetuin en lekker eetgoed te koop wees. Ons is besig om met ‘n klub vir ou motors te onderhandel om hulle voertuie te kom vertoon. Ons het reeds ‘n paar stalletjies verkoop. Ons sien uit na die dag ! Vir enige navrae kontak asseblief vir Andre van Heerden – 082 565 6423 of Dries de Jager – 072 968 2136.

Wen ‘n Vakansie – 16 tot 23 Julie 2017

Die “Wen ‘n Vakansie”- projek 2017 het afgeskop. Die NG Kerk Parys-Wes loods ‘n fondsinsamelingsprojek waarin ‘n vakansie by die see gewen kan word. Die wenner kan vanaf 16 tot 23 Julie 2017 in ‘n 3 slaapkamer/2badkamer Shangri La vakansie-woonstel in Doonside gaan uitspan. Die woonstel het ‘n pragtige 180 grade seeuitsig. Dit is nie al nie.....die wenners kry ook R2000.00 sakgeld! Die tweede prys is ‘n skaap en derde prys is ‘n halwe skaap ! **Sluitingsdatum: 23 Junie 2017** en die trekking word op 30 Junie 2017 gedoen. Die kaartjies kos R50.00 en is by die kerkkantoor in Kortstraat beskikbaar (056 811 5316). Moenie die geleentheid laat verbygaan nie !

Verlede jaar is die kompetisie vir die

eerste keer gehou en die wenners was Krimpie en Marie du Preez. Hulle was natuurlik in hulle noppies en het die vakansie terdeë geniet !

VALENTYNS-PIK-EN-PROE

Op Sondag, 12 Februarie 2017 het Parys-Wes en ‘n paar besoekers Valentynsdag op ‘n besondere manier met teelepels, koekvurkies en kleinbordjies gevier.

Dit was een van die gemeente se jaarlikse pik & proe- byeenkomste. Waar moontlik bring die moeders, en party vaders, ‘n dis (verkieslik in twee bakke vir die twee bedieningspunte). Almal kan dan uit al die bakke skep. Jy skep met ‘n teelepel en eet met ‘n koekvurkie en die eerste vraag van elke nuweling wat die geleentheid bywoon, is *˝Sal ek genoeg kan eet ?˝.* Geen probleem nie. Elkeen eet genoeg van die groot verskeidenheid disse (wat jy nie op ‘n Sondag by die huis gaan kry nie). Dan is daar nog die verskeidenheid poedings, roomys en vla en na dit, ‘n lekker koppie koffie om die été mee af te sluit. En moenie die lekker samesyn in daardie tyd vergeet nie.

In die gees van Valentynsdag, was die saal pragtig in rooi getooi. Dames het verantwoordelikheid vir verskillende tafels aanvaar en het gesorg vir die nodige versierings en plek-plek was daar selfs ‘n versnapering op die tafels.

Ongeveer 70 mense het die geleentheid bygewoon en dit baie geniet. Baie dankie aan die organiseerders en almal wat gehelp het om ‘n mooi dag van die Valentynsdag Pik-en-Proe te maak.

TABITA DIENSGROEP

Wie en wat is die Tabita diensgroep?? Eerstens, ons naam leen ons uit die Bybel: *HAND 9:36* *–"In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help".*

Hierdie diensgroep is gestig deur vroue vir vroue wat diensbaar wil wees in die gemeente en in die gemeenskap. Enigeen is dus welkom om in te skakel.

Nou is ons 'n groepie dames wat gereeld bymekaar kom en mekaar se lief en leed deel, mekaar bemoedig, lekker saam lag, by mekaar leer, lekker kuier, handwerk doen en soms nuwe vaardighede aanleer. So kuier-kuier pak ons projekte aan wat 'n verskil in iemand se lewe maak: party buite die gemeente en party binne die gemeente. Vir sommige projekte werk ons saam met ander groepe of organisasies, soos projekte van die Vroue lessenaar van die Vrystaatse Sinode.

Projekte waarby ons al betrokke was of is:

* Teddies – meer as 100 teddies gebrei vir kinders in weeshuise of gevangenisse.

* Kombersies – sowat 30 kombersies gebrei, o.a. vir gebruik in ons kerkgebou in die winter.
* Poppies – baie poppies gebrei wat gebruik word in terapie van mishandelde kinders.
* Na-kerk koek – ons help bak, sodat die gemeente lekker kan saamkuier.
* Fyngoed vir Kleingoed – sakke gemaak en gepak met basiese dingetjies vir behoeftige babas.
* Truitjies – vir CTK se kinders en ander.
* Handsakprojek – handsakke gevul met bederfies.

* Vrouedienskonferensie (tesame met ander) – 2016 se wonderlike geseënde konferensie help aanbied.
* Pik en Proe- etes – hulp.
* Serpe en musse - vir skoolkinders vir die winter.

* Gemeente projekte, bv basaar – hulp.

Almal werk nie aan alle projekte nie. As ‘n sekere projek nie jou belangstelling is nie, of jou tyd min is, kan jy tydelik uitsit, of aan jou eie handwerk werk, of net kom saamkuier.

Aanvanklik het ons kwartaalliks vergader, maar uit hierdie groep het die Hekel- en brei-groep ontstaan, wat elke. Dinsdagmiddag van 14.00 – 16.00, gewoonlik by Ina se huis in Grensstraat, saamkom. Ons nooi enige iemand om by ons in te skakel. Dit sal wonderlik wees om nog meer vriendinne te hê wat saamkuier en saamwerk.

Hortense

KATEGESE (Gr 1 tot 6) HOU SKATTEJAG!!

Die Bybel word vanjaar vanaf Genesis met die kinders deurgelees en daarna doen hul 'n aktiwiteit om die inhoud vas te lê. Soms is dit 'n teksvers wat hul memoriseer of 'n lewenslessie wat hul daaruit leer. Op die oomblik moet hulle die Bybelboeke van die Ou Testament leer want dit kom jou hele lewe lank handig te pas.

Die skattejag was 'n samevatting van Gen.1-6. Die groepe is tydens die skattejag 'n foto gewys van bv. die Houtkruis voor die kerk, hul moet weet waar die kruis is, daarheen gaan en die briefie met vrae kry. As hul die vrae kon beantwoord kry hul die volgende leidraad met vrae, ens. Die laaste leidraad het hul na die sandput gelei waar hul die skatkis gevind het. In die skatkis was daar Chomps (Christus Help Ons Met Probleme), en goue munte van sjokolade. Om groepwerk aan te moedig moes hul bymekaar bly en die leidrade saam oplos.

Yolandi, Wilna en Gretha

Stuur asseblief enige kommentaar en bydraes na hansieb@lantic.net of skakel Hansie Bekker by 056 811 4754 / 082 820 4306